

22 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-6:9

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:9(b)

Leef vanuit God se liefde

Ons maak dikwels die fout om in al ons verhoudinge nie met die liefde van Christus na ons medegelowiges te kyk nie. Dan word ons verhoudings dikwels skeef getrek.

Om te weet hoe ons moet optree teenoor mense, moet ons eers vra na die Here se liefde vir ons. Paulus sê die volgende van sy liefde: "... en Hy trek niemand voor nie." Dit beteken eenvoudig dat God nie witbroodjies het nie. Hy red al sy kinders uit dieselfde genade. Hy het sy kinders ewe lief. God laat sy Seun vir elkeen van sy kinders sterwe. Dit beteken ook dat elkeen van sy kinders vir Hom spesiaal is. Baas en klaas is nou gelyk in Christus. Elke lewensverhouding, huweliks-, gesins-, of arbeidsverhouding, word nou 'n Christusverhouding. Sy liefde en genade maak mense gelyk voor Hom. Wat 'n troos! Al beklee jy die kleinste plekkie by die werk, kerk of huis, God het jou nie minder lief nie. Sy liefde vir jou het sy Seun aan die kruis laat hang.

As dit is hoe God syne liefhet, moet ons ook só liefhê. Christus se liefde leef mos in ons. Ons is tog sy kinders. As Christus se liefde in ons lewe gestalte kry, verander al ons verhoudings ingrypend. Dan trek ons nie sekere mense of groepe in die kerk van die Here voor bo ander nie. Dan is rykes nie belangriker as armes nie, grootmense as kinders nie, mans as vroue nie, werkgewers as werknemers nie. Dan is die een amp nie belangriker as die ander nie, die een dominee as die ander nie. As Christus se liefde regtig in ons lewens beslag kry, sal dit gesien kan word in ons optrede. Die vraag is net: In hoe mate het die liefde van Christus al in jou lewe vorm gekry?

Sing: Skrifberyming 21:1,3,4 Ds TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)